



**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE  
GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 11 JUNIE 2014 OM 11:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)  
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl R F van der Westhuizen  
Rdl W Wilskut

Ander raadslede:

Rdh N J A Rust  
Rdl Y S Cox-Bruintjies

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz  
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys  
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche  
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit  
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp  
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha  
Bestuurder: Finansiële State en Beheer, mnr C F Gerber  
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

**1. OPENING**

Rdh N J A Rust open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl M van Zyl.

**3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE**

Geen

**4. NOTULES**

**4.1 NOTULE VAN 'N SPESIALE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-  
VERGADERING GEHOU OP 14 MEI 2014**

**BESLUIT**

Dat die notule van 'n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 14 Mei 2014 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

**4.2 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-  
VERGADERING GEHOU OP 21 MEI 2014**

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 21 Mei 2014 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

**4.3 NOTULE VAN 'N SPESIALE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 4 JUNIE 2014**

**BESLUIT**

Dat die notule van 'n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 4 Junie 2014 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

**4.4 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU 4 JUNIE 2014**

*[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]*

**5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

**5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 4 JUNIE 2014**

**5.1.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

**5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

**5.1.3 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE**

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

**6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

**6.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 4 JUNIE 2014**

**6.1.1 ITEM 6.2: AANSOEK OM HERSONERING, ONDERVERDELING EN SLUITING VAN OPENBARE PLEK, ERF 327, RIEBEEK-WES (15/3/3-12) (WYK 3)**

Aansoek word gedoen vir die onderverdeling van erf 327, geleë te Adamstraat, Riebeek-Wes in 'n restant ( $\pm 16,1417$ ha) en gedeelte 1 ( $\pm 400$ m<sup>2</sup>). Die geregistreerde eienaar is Swartland Munisipaliteit.

Aansoek word ook gedoen vir die hersonering van gedeelte 1 ( $\pm 400$ m<sup>2</sup>) vanaf oopruimtesone I na sakesone II ten einde die "Rise Up Bakery" se bedrywigheede op die eiendom te akkommodeer.

Verder word aansoek gedoen vir die sluiting van 'n gedeelte van erf 327 (publieke oopruimte, groot  $\pm 400$ m<sup>2</sup>), Riebeek-Wes.

**BESLUIT**

Dat opdrag aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gegee word om die aansoek verder te ondersoek, aangesien 'n gedeelte van erf 2723 reeds afgesny is vir die oprigting van 'n speelpark.

**6.1.2 ITEM 6.4: VOORGESTELDE HERSONERING MET AFWYKING VAN ERF 867, RIEBEEK KASTEEL (15/3/3-11, 15/3/4-11) (WYK 12)**

Aansoek word gedoen vir die hersonering van 'n gedeelte van erf 867 (groot  $\pm 125$ m<sup>2</sup>) geleë te Proteastraat, Riebeek Kasteel vanaf residensiële sone I na institusionele sone I ten einde 'n crèche te bedryf. Die geregistreerde eienaar is Mnr Andries Amerika.

## 6.1.2/...

Aansoek word ook gedoen ten einde af te wyk van die 10m boulyne na  $\pm 3,6\text{m}$  (straatgrens) en  $\pm 1,5\text{m}$  (noordelike grens).

Die crèche word reeds ongemagtig vanuit 'n wendyhuis op die perseel bedryf.

Die sekretariaat, wat ook die wyksbestuurder van Wyk 12 is, rapporteer dat die wykskomitee ernstig beswaar teen die aansoek aangeteken het. Die komitee se gevoel is dat pogings aangewend moet word om die Esterhof Kleuterskool tot sy reg te laat kom wat oorkant erf 867, Riebeek Kasteel geleë is.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste noem dat Departement: Maatskaplike Ontwikkeling betrokke is by Esterhof Kleuterskool, maar dat die skool nie kan registreer om vir subsidie in aanmerking te kom nie, aangesien die fasiliteite gebrekkig is.

Rdl W Wilskut spreek sy kommer uit dat die crèche op erf 867 nie geskik is, deurdat daar nie genoeg speelruimte is nie en kinders in die straat speel. Die perseel is ook nie op die oomblik omhein nie. Rdl Wilskut deel die sentiment van die wykskomitee dat Esterhof Kleuterskool tot sy reg moet kom met die hulp van die munisipaliteit.

**BESLUIT**

Dat die item oorstaan ten einde geleentheid te gee –

- (a) vir 'n terplaatsse inspeksie deur vakkundiges alvorens die voorgestelde hersonering met afwyking van erf 867, Riebeek Kasteel ten einde 'n crèche te akkommodeer oorweeg word;
- (b) vir verdere samesprekings met Departement: Maatskaplike Dienste en die bestuur van die Esterhof Kleuterskool om die skool behulpsaam te wees om probleme wat ondervind word te ondersoek, ten einde die skool tot sy reg te laat kom.

## 6.2 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 21 MEI 2014

### 6.2.1 ITEM 7.21: HEFFING VAN ADDISIONELE BOUPLANGELDE (15/4/B)

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste noem dat BTW per abuis uitgelaat is in die bedrae wat op 21 Mei 2014 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee deurgegee is.

Die bedrae word dus as volg reggestel om korrek in die tariewelêer opgeneem te word.

**BESLUIT**

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat die werklike koste tariefstruktuur vir ongemagtigde bouwerk in die Raad se tariewelêer vir 2014/2015 opgeneem word, as volg:
  - Stap 1 en 2 = R3 841,80 (BTW ingesluit)
  - Stap 3 = R1 094,40 (BTW ingesluit)
- (b) Dat 50% van hierdie werklike koste tariefstruktuur op ondergeskikte bouwerke van toepassing sal wees;
- (c) Dat hierdie tarief jaarliks tydens die begrotingsproses hersien sal word.

## 7. NUWE SAKE

### 7.1 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANSTELLING VAN BOUKONTRAKTEUR VIR PROJEK VIR HERSTEL VAN STORMSKADE AAN 41 WONINGS TE ROSENHOF, MOORREESBURG (17/3/1/1) (WYKE 1 EN 2)

Daar is eers gedurende April 2014 terugvoering ontvang vanaf die Provinsiale Departement van Menslike Nedersettings aangaande die aansoek om hulpverlening vir herstelwerk aan 41 woonhuise wat deur 'n stormwind op Moorreesburg beskadig is. 'n Bedrag van R299 605,00 is vir hierdie doel beskikbaar gestel.

Dit is belangrik dat herstelwerk aan huise voor die komende winterseisoen voltooi moet word om verdere skade aan strukture te voorkom.

#### BESLUIT

- (a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word om 'n Boukontraakteur aan te stel om die herstelwerk aan 41 woonhuise te Rosenhof, Moorreesburg te behartig, om die volgende rede :
  - (i) *dat weens die beperkte tyd en risiko verbonde, die aanstelling van 'n Boukontraakteur as noodgeval geag word;*
- (b) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde rede die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen het tot die aanstelling van **Boubel Boukontraakteurs** vir die bedrag van R364 800,00 (BTW ingesluit) en dat die uitgawe aangegaan word teen posnommer 11-42-52-00-1309 en gedeeltelik ook teen posnommer 41-22-52-00-1308;
- (c) Dat die handeling van die Munisipale Bestuurder dienooreenkomstig gekondoneer word;
- (d) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsienings-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om die bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

### 7.2 HUUROOREENKOMS: MALMESBURY POSDUIFKLUB (17/9/2/R)

Die Raad verhuur die gedeelte meentgrond waarop 'n klubhuis opgerig is aan die Malmesbury Posduifklub op 'n jaar tot jaar basis.

Die huurtermyn verval op 31 Julie 2014.

#### BESLUIT

- (a) Dat 'n nuwe huurooreenkoms met die Malmesbury Posduifklub aangegaan word vir die huur van die klubhuisfasiliteit op 'n maand tot maand basis wat nie 12 maande sal oorskry nie, met ingang vanaf 1 Augustus 2014;
- (b) Dat die huurgeld op R10,00 per jaar plus 14% BTW vasgestel word;
- (c) Dat die huurvoorwaardes wat tans geld, van krag sal bly.

### 7.3 VOORGESTELDE VERHURING VAN MUNISIPALE GROND TE DARLING (12/2/4-3/1)

Op 'n publieke veiling gehou op 31 Maart 2012 is nuutgeskepte erf 4359 (groot 51,9087 ha), Darling verkoop aan Anicol Properties (Pty) Ltd vir landboudoeleindes.

Die aangrensende erf, erf 4360 (groot 7,9645 ha) word deur die Raad gereserveer vir toekomstig ontwikkeling. Die betrokke gedeelte grond lê tans onbenut en word sedert 1 Julie 2012 aan Anicol Properties (Pty) Ltd vir landboudoeleindes verhuur.

Die volgende redes is destyds aangevoer vir die uit-die-hand verhuuring en is steeds van krag:

7.3/...

- (1) Erf 4360 is aangrensend aan die aansoeker se erf 4359;
- (2) Geen omheining is tans aanwesig op erf 4360 nie;
- (3) Dienste word deur die aansoeker op erf 4359 aangebring en is goedkeuring verleen dat toegang na erf 4359 voorlopig oor erf 4360 verkry word;
- (4) Slegs die eienaar van erf 4359 sal erf 4360 werklik sinvol kan aanwend vir landboudoeleindes en slegs op kort termyn.

**BESLUIT**

- (a) Dat erf 4360, Darling (groot 7,9645 ha) aan die eienaar van die aangrensende erf 4359 uit-die-hand verhuur word vir landboudoeleindes;
- (b) Dat 'n huurtermyn van drie (3) jaar m.i.v 1 Julie 2014 bepaal word a.g.v. die hoë insetkoste wat die huurder moet belê;
- (c) Dat huurgeld van R219,00 per hektaar per jaar, BTW uitgesluit, gebaseer op huurgeld wat uit die onlangse verhuring van aangrensende landboukampe ontvang en met 10% geëskaleer is, goedgekeur word;
- (d) Dat die Raad se voorneme in terme van sy Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom geadverteer en aan omliggende eienaars gekommunikeer word;
- (e) Dat die aansoeker verantwoordelik sal wees vir die betaling van die advertensiekostes;
- (f) Dat 'n huurooreenkoms soortgelyk aan die ooreenkoms met huurders van die aangrensende kampe met die huurder aangegaan word;
- (g) Dat die Raad die buitengewone omstandighede in paragraaf (1) tot (4) hierbo notuleer.

**7.4 VOORGESTELDE VERHURING VAN MUNISIPALE GROND TE DARLING (12/2/4-3/1)**

Met die konsolidasie van kampe 9 en 10, Darling is gedeelte, nou erf 4360 (groot 7,9645 ha) afgesny vir doeleindes van toekomstige ontwikkeling deur die Raad. Met die opmeting van die gedeelte grond is 'n kleiner gedeelte ( $\pm 1,115$  ha) per abuis deur die landmeter uitgesluit van die gekonsolideerde en heropgemete kampe.

Die betrokke gedeelte grond lê tans onbenut en word sedert 1 Julie 2012 aan me Tanya Menhinick verhuur vir landboudoeleindes.

Die volgende redes is destyds aangevoer vir die uit-die-hand verhuring en is steeds van krag:

- (1) Die gedeelte grond is aangrensend aan die aansoeker se erf 538;
- (2) Geen omheining is tans aanwesig op die erf nie;
- (3) Dienste bestaan reeds op die aangrensende erf 538;
- (4) Slegs die eienaar van erf 538 sal die gedeelte grond werklik sinvol kan aanwend vir landboudoeleindes en slegs op kort termyn. Die erf het 'n onnatuurlike vorm en beskik nie oor gerieflike toegang nie.

**BESLUIT**

- (a) Dat gedeelte van erf 551, Darling (groot 1,115 ha) aan die eienaar van die aangrensende erf 538 uit-die-hand verhuur word vir landboudoeleindes;

7.4/...

- (b) Dat 'n huurtermyn van drie (3) jaar m.i.v 1 Julie 2014 bepaal word;
- (c) Dat huurgeld van R219,00 per hektaar per jaar, BTW uitgesluit, gebaseer op huurgeld wat uit die onlangse verhuring van aangrensende landboukampe ontvang en met 10% geëskaleer is, goedgekeur word;
- (d) Dat die Raad se voorneme in terme van sy Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom geadverteer en aan omliggende eienaars gekommunikeer word;
- (e) Dat die aansoeker verantwoordelik sal wees vir die betaling van die advertensiekostes;
- (f) Dat 'n huurooreenkoms soortgelyk aan die ooreenkoms met huurders van die aangrensende kampe met die huurder aangegaan word;
- (g) Dat die Raad die buitengewone omstandighede in paragraaf (1) tot (4) hierbo notuleer.

### 7.5 FLISP/GAP BEHUISING, ABBOTSDALE (17/4/2/3) (WYK 7)

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste behandel die verslag en beklemtoon dat dit die Raad se eerste poging is om hierdie tipe behuising te voorsien.

Die voorstel ten opsigte van die FLISP program is gebaseer op 5 tipes wonings wat wissel tussen 43m<sup>2</sup> tot 75m<sup>2</sup>, en oprigtings- en ontwikkelingskoste van R235 000,00 tot R472 000,00.

Deelnemers aan die projek kwalifiseer vir 'n subsidie wat wissel vanaf R87 000,00 tot 10 050,00, onderhewig aan vasgestelde kriteria.

Die projek gaan in 2 fases geskied, naamlik:

- Fase 1 – fokus op inkomste groep van R3 501,00 – R15,000;
- Fase 2 – fokus op inkomste groep van R15 001 – R25 000.

### BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem dat die implementering van die FLISP (*Finance Linked Individual Subsidy Programme*) projek 'n eerste poging is deur Swartland Munisipaliteit tesame met die Raad se Implementeringsagent;
- (b) Dat die voorstel van Asla/Devco om die 56 GAP/FLISP huise in Abbotsdale op te rig aanvaar word met die volgende voorwaardes:
  - (i) dat die verdeling van eenhede per opsie, so ver moontlik gehandhaaf word;
  - (ii) dat die verdeling van inkomste uit erfpryse as volg verdeel word, naamlik:
    - R27 886,00 na die Behuisingsontwikkelingsfonds; en
    - R33 488,00, of gedeelte daarvan, na die Raad se CRRF;
  - (iii) dat die balans van ongeveer R388 056,00 aangewend word vir die elektrisiteitsaansluiting en waterbeheermeganisme, asook ander onvoorsiene uitgawes en dat, indien daar 'n surplus is, dit ook na die CRRF sal gaan;
  - (iv) dat eskalاسie van pryse eers na 12 maande sal kan plaasvind, en nie reeds gedurende fase 2 nie. Waar buitengewoon omstandighede en faktore dit noodsaak, sal dit met die Munisipaliteit ooreengekom word;

7.5(b)/...

- (v) dat voorkeur wel aan Abbotsdale en Malmesbury se inwoners en eerste huiskopers in fase 2 gegee sal word, maar vir 'n beperkte periode van 3 maande;
  - (vi) dat, indien die skou eenhede nie binne 12 maande verkoop word nie, daarmee gehandel kan word soos voorgestel deur Asla/Devco in hul voorlegging, maar sal die finale voorwaardes onderling tussen die partye ooreengekom word;
  - (vii) dat, indien al die eenhede nie verkoop word in die eerste twee fases nie, die voorwaardes ten opsigte van grondwaarde, kapitaalbydraes ens, eers weer oor besin sal word;
- (c) Die implementering van hierdie projek is onderhewig aan die goedkeuring deur die Departement van Menslike Nedersettings van die beraamde koste van R2 700 000,00 (verwys UBK besluit 21 Mei 2014).

## 7.6 VERHUUR VAN POSKANTOORGEBOU OP RIEBEEK-WES (12/2/3/1-12/1)

Die Raad verhuur 'n gedeelte van die gebou geleë op erf 163, Riebeek-Wes die afgelope jare aan me H Nel op 'n jaar tot jaar basis vir doeleindes van die bedryf van 'n poskantooragentskap.

Mev Nel het kennis gegee dat sy uit diens gaan tree, maar dat haar assistent, mev H J C Kriegler, die poskantooragentskap gaan oorneem.

Die huurtermyn verstryk op 31 Augustus 2014.

### BESLUIT

- (a) Dat die huurooreenkoms aangegaan met mev H Nel t.o.v. die huur van gedeelte van die gebou op erf 163, Riebeek-Wes as posagentskap, gekanselleer word;
- (b) Dat 'n nuwe soortgelyke huurooreenkoms met mev H J C Kriegler aangegaan word vir die huur van die gebou as poskantooragentskap vir 'n termyn wat nie twaalf (12) maande oorskry nie;
- (c) Dat huurgeld vasgestel word teen 'n bedrag van R100,00 plus BTW per maand ten einde 'n posdiens vir die plaaslike gemeenskap behoue te bly.

## 7.7 AFSKRYWING SLEGTE SKULD, EQUITABLE SHARE – MEI 2014 (5/7/1/1/MY)

'n Opsomming van oninbare skulde wat deur deernishuishoudings verskuldig is, is met die sakelys gesirkuleer.

Die Uitvoerende Burgemeester meld dat 'n uitdruk gegee sal word aan elke wyksraadslid van sy/haar wyk om deur te werk. Indien dit blyk dat die skuld van 'n huishouding nie afgeskryf moet word nie, moet dit so spoedig moontlik aan die Kredietbeheerafdeling gerapporteer word.

### BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R1 437 270,34 soos per die aangehegte opsomming afgeskryf word as oninvorderbaar;
- (b) Dat, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat 'n gedeelte van die skuld of die totale skuld van 'n debiteur nie korrek sou wees nie, of dat enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee bekend was wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie, die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die reg voorbehou om die skuld weer terug te skryf na die betrokke debiteur en dat die

- 7.7/... nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder;
- (c) Dat, indien 'n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, die Raad die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. Ten einde uitvoering aan hierdie besluit te gee, is 'n register by die eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was, en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word;
  - (d) Dat verder goedkeuring verleen word dat lopende heffings wat nie by die bestaande lys bygewerk is nie, vanweë die tydsverloop van wanneer die administratiewe proses van genoemde afskrywingslys begin is en die tydperk daarna, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;
  - (e) Dat verder goedkeuring verleen word dat die bedrae wat aan die Raad verskuldig is wat op datum van hierdie Item nie by die bestaande lys bygewerk is nie, as gevolg van sosio-ekonomiese ondersoek wat nog nie kon plaasvind aan al die deernishuishoudings nie, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;
  - (f) Dat die werklike bedrag afgeskryf, nadat hierdie voorlegging aan die Uitvoerende Burgemeesterskoitee gemaak was, weer tydens die volgende vergadering voorgelê sal word;
  - (g) Dat enige BTW op dienste gehef op die gebruikelike manier vanaf die Ontvanger van Inkomste teruggeëis word;
  - (h) Dat die Kredietbeheerafdeling persoonlike besoeke aan elke deernishuishouding bring, ten einde die afskrywing te verduidelik en die implikasie van toekomstige verpligtinge van "verantwoordelike verbruikers" aan hulle duidelik te maak. Verder is die installering van die Aqua-Loc waterbeheermeganismestelsel en die werking daarvan aan elke deernishuishouding verduidelik, ten einde voorkomende Kredietbeheer toe te pas, met die loodsprojek wat gaan plaasvind te Abbotsdale.

## **7.8 UITSTAANDE DEBITEURE – MEI 2014 (5/7/1/1/MY)**

'n Volledige verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die tydperk Mei 2014 is met die sakelys gesirkuleer.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat 'n ondersoek gedoen word na die 210 dae oue skuld, aangesien dit baie hoër is as die voorafgaande tydperke.

### **BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Mei 2014.

## **7.9 NOTULE VAN DIE MUNISIPALE OUDITKOMITEEVERGADERING GEHOU 27 FEBRUARIE 2014 (11/1/3/1/7)**

Die notule van die Munisipale Ouditkomitee gehou op 27 Februarie 2014 is met die sakelys gesirkuleer.

Die notule bevat geen aanbevelings waaroor 'n besluit geneem moet word nie.

### **BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Ouditkomitee se vergadering van 27 Februarie 2014.



### 7.10 MANDAAT VAN DIE MUNISIPALE OUDITKOMITEE (5/15/1/3)

Die jaarlikse hersiening van die mandaat van die Munisipale Ouditkomitee is gedoen tydens die komitee se vergadering op 5 Junie 2014.

Die mandaat bevat, onder andere die pligte en verantwoordelikhede van die lede van die Munisipale Ouditkomitee, en die funksies van die komitee soos uiteengesit in die verslag.

#### BESLUIT

Dat die mandaat van die Munisipale Ouditkomitee goedgekeur word vir aanneming deur die lede van die Munisipale Ouditkomitee, ten einde lede bewus te maak van hul verantwoordelikhede.

### 7.11 VOORLEGGING VAN DIE FINALE 2014/2015 DIENSLEWERING- EN BEGROTINGSIMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/1/4/4/1)

Die doel van die Dienslewering- en Begrotingsimplementeringsplan (SDBIP) is om die munisipale bestuur te ondersteun om diensleweringsteikens, sowel as die spandering van die kapitaalbegroting binne gegewe tydsraamwerke te bereik.

Die Uitvoerende Burgemeester behandel die SDBIP en projekte word uitgewys waaroor daar óf onduidelikheid bestaan oor die spandering óf oor die aanvangstyd van die projek.

#### BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die SDBIP ten einde geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeester te gee om die inhoud te oorweeg vir finale goedkeuring voor/op 27 Junie 2014, synde 28 dae na goedkeuring van die jaarlikse begroting soos bepaal deur artikel 53 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003.

### 7.12 TERUGVOERING AANGAANDE ILINGE LETHU PROTES AKSIE

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat die versoekskrif ontvang op 29 Mei 2014 deur die Ilinge Lethu Protes Aksie drie aspekte aanspreek, naamlik:

- Behuising;
- Elektrisiteit;
- Vullisverwydering.

Rdh T van Essen rig die volgende versoeke ten opsigte van die munisipale dienste, naamlik:

#### (1) Elektrisiteit

Die versoek ontvang vanaf Ilinge Lethu Protes Aksie is dat ten spyte daarvan dat inwoners se munisipale rekeninge agterstallig is, die munisipaliteit toelaat dat voorafbetaalde krag aangekoop kan word.

Rdh T van Essen stel dus voor dat daar nie in Wesbank en Ilinge Lethu (Malmesbury-Wes) krag vir die volgende maand gesny word nie, ten einde 'n welwillendheid teenoor die onderhandelinge te toon.

Rdh T van Essen versoek verder dat die Direkoraat: Finansiële Dienste 'n berekening doen van wat die munisipaliteit sal verloor – in samewerking met die Direkoraat: Elektriese Ingenieursdienste – sou daar nie krag gesny word in Malmesbury-Wes nie.

#### (2) Vullisverwydering

Die versoek ontvang vanaf Ilinge Lethu Protes Aksie is dat swartsakke/wheelybins beskikbaar gestel moet word, aangesien die inwoners nie middele het om vullis uit

7.12/...

te sit nie.

Rdh T van Essen versoek dat daar 'n kosteberaming gedoen word ten opsigte van die implementering van wheelybins by ongeveer 2729 huishoudings, dit is in Saamstaan, Ilinge Lethu, Phola Park en by die munisipale woonstelle. Die kosteberaming moet 'n meganisme insluit om die wheelybins te beskerm (bv. 'n "chip") en ook of addisionele voertuig/toerusting benodig word.

Die implementering van wheelybins sal tot gevolg hê dat die omgewing en die stormwaterstelsels skoner sal wees.

Rdh T van Essen versoek dus verder dat 'n kosteberaming gedoen word ten opsigte van die skoonmaak van stormwaterstelsels in Malmesbury-Wes.

(3) Riolsverstopings

Rdh T van Essen versoek dat alle rioolverstopings gratis gedoen word by Equitable Share-huishoudings, munisipale geboue, sowel as by die woonstelle.

(4) Woonstelle

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat die woonstelbewoners dreig om hulle by die Ilinge Lethu Protes Aksie aan te sluit, sou omstandighede by die woonstelle nie verbeter nie.

Rdh T van Essen versoek ook dat die volgende ondersoek word om by woonstelle te implementeer:

- (i) om met ingang van 1 Julie 2014 die woonstelle dieselfde te hanteer as deernishuishoudings, m.a.w. die huurgeld bereken teen die waardasie van R115 000,00 en voorsiening van gratis basiese dienste, maar dat enige dienste wat meer as gratis dienste verbruik word voor betaal moet word;
- (ii) 'n ondersoek deur die Direkoraat: Finansiële Dienste aangaande wat elke woonstelbewoner betaal aan huur/dienste/eiendomsbelasting, ens.;
- (iii) 'n kosteberaming deur die Direkoraat: Elektriese Ingenieursdienste aangaande die omskakeling van die kredietmeters by woonstelle na voorafbetaalde krag – hierdie kan moontlik ingesluit word by die opgradering van die woonstelle;
- (iv) 'n ondersoek na wie die huurder van elke woonstel is, en dat toegesien moet word dat die huurooreenkoms met die regmatige huurder gesluit word;
- (v) Rdh T van Essen versoek verder dat 'n eenbladsy inligtingstuk so spoedig moontlik aan woonstelbewoners beskikbaar gemaak word.

(5) Agterstallige skulde

Dat 'n ondersoek deur die Direkoraat: Finansiële Dienste gedoen word om vas te stel of dit wettig is dat 'n voorafbetaaltipemeter geblok kan word as daar gelde vir ander dienste agterstallig is.

(6) Skemahuisse

Rdh T van Essen versoek dat die oordrag van die skemahuisse na die regmatige eienaar teen 31 Desember afgehandel moet wees.

**BESLUIT**

Dat opdrag aan die Bestuurspan gegee word om so spoedig moontlik voormelde versoeke te ondersoek vir terugvoering aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.